

**EXTRAORDINARY**



**BUITENGEWONE**



**THE UNION OF SOUTH AFRICA**

# Government Gazette

## Staatskoerant

**VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA**

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

**VOL. CXLVIII.] PRICE 6d.**

**CAPE TOWN, 18TH APRIL, 1947.  
KAAPSTAD, 18 APRIL 1947.**

**PRYS 6d. [No. 3800.]**

**OFFICE OF THE PRIME MINISTER.**

The following Government Notice is published for general information :—

**No. 799.] [18th April, 1947.]**

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to assent to the following Acts, which are hereby published for general information :—

	PAGE
<b>No. 8 of 1947 :</b> Commissions Act, 1947 .. .. .	ii
<b>No. 11 of 1947 :</b> Children's (Amendment) Act, 1947	iv
<b>No. 12 of 1947 :</b> Jury Lists Amendment Act, 1947	iv
<b>No. 13 of 1947 :</b> Railways and Harbours Unauthorized Expenditure Act, 1947 ..	vi
<b>No. 14 of 1947 :</b> Unauthorized Expenditure (1945-1946) Act, 1947 .. .. .	viii
<b>No. 15 of 1947 :</b> Higher Education Amendment Act, 1947 .. .. .	viii
<b>No. 16 of 1947 :</b> Silicosis Amendment Act, 1947 ..	x

**KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER.**

Onderstaande Goewermentskennisgewing word ter algemene inligting gepubliseer :—

**No. 799.] [18 April 1947.]**

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word :—

	BLADSY
<b>No. 8 van 1947 :</b> Kommissiewet, 1947 .. .. .	iii
<b>No. 11 van 1947 :</b> Wysigingswet op Kinders, 1947	v
<b>No. 12 van 1947 :</b> Wysigingswet op Jurielyste, 1947	v
<b>No. 13 van 1947 :</b> Wet op Ongeoutoriseerde Uitgawe vir Spoorweë en Hawens, 1947 .. .. .	vii
<b>No. 14 van 1947 :</b> Wet op Ongeoutoriseerde (1945-1946) Uitgawes, 1947 ..	ix
<b>No. 15 van 1947 :</b> Wysigingswet op Hoër Onderwys, 1947 .. .. .	ix
<b>No. 16 van 1947 :</b> Wysigingswet op Silikose, 1947	xi

No. 8, 1947.]

# ACT

**To make provision for conferring certain powers on commissions appointed by the Governor-General for the purpose of investigating matters of public concern, and to provide for matters incidental thereto.**

*(Afrikaans Text signed by the Governor-General.)  
(Assented to 1st April, 1947.)*

**BE IT ENACTED** by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Application of this Act with reference to commissions appointed by the Governor-General.

1. Whenever the Governor-General has, before or after the commencement of this Act, appointed a commission (hereinafter referred to as a "commission") for the purpose of investigating a matter of public concern, he may by proclamation in the *Gazette* declare the provisions of this Act to be applicable with reference to that commission.

Commission's sittings.

2. A commission may sit at any place in the Union or the mandated territory of South-West Africa for the purpose of hearing evidence or addresses or of deliberating.

Commission's powers as to witnesses.

3. (1) For the purpose of ascertaining any matter relating to the subject of its investigations, a commission shall in the Union have the powers which a Provincial Division of the Supreme Court of South Africa has within its province, and in the mandated territory of South-West Africa have the powers which the High Court of that territory has, to summon witnesses, to cause an oath or affirmation to be administered to them, to examine them, and to call for the production of books, documents and objects.

(2) A summons for the attendance of a witness or for the production of any book, document or object before a commission shall be signed and issued by the secretary of the commission in a form prescribed by the chairman of the commission and shall be served in the same manner as a summons for the attendance of a witness at a criminal trial in a superior court at the place where the attendance or production is to take place.

(3) If required to do so by the chairman of a commission a witness shall, before giving evidence, take an oath or make an affirmation, which oath or affirmation shall be administered by the chairman of the commission or such official of the commission as the chairman may designate.

(4) Any person who has been summoned to attend any sitting of a commission as a witness or who has given evidence before a commission shall be entitled to the same witness fees from public funds, as if he had been summoned to attend or had given evidence at a criminal trial in a superior court held at the place of such sitting, and in connection with the giving of any evidence or the production of any book or document before a commission, the law relating to privilege as applicable to a witness giving evidence or summoned to produce a book or document in such a court, shall apply.

Sittings to be public.

4. All the evidence and addresses heard by a commission shall be heard in public: Provided that the chairman of the commission may, in his discretion, exclude from the place where such evidence is to be given or such address is to be delivered any class of persons or all persons whose presence at the hearing of such evidence or address is, in his opinion, not necessary or desirable.

Hindering or obstructing a commission.

5. Any person who wilfully interrupts the proceedings of a commission or who wilfully hinders or obstructs a commission in the performance of its functions shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and imprisonment.

Offences by witnesses.

6. (1) Any person summoned to attend and give evidence or to produce any book, document or object before a commission who, without sufficient cause (the onus of proof whereof shall rest upon him) fails to attend at the time and place specified in the summons, or to remain in attendance until the conclusion of the enquiry or until he is excused by the chairman of the commission from further attendance, or having attended,

No. 8, 1947.]

# WET

**Om voorsiening te maak vir die verlening van sekere bevoegdhede aan kommissies wat deur die Goewerneur-generaal aangestel is om sake van openbare belang te ondersoek, en vir daarmee in verband staande aangeleenthede.**

(*Afrikaanse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.*)  
(*Goedgekeur op 1 April 1947.*)

**DIT WORD BEPAAL** deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Wanneer die Goewerneur-generaal, voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n kommissie aangestel het (wat hieronder 'n „kommissie” genoem word) om 'n saak van openbare belang te ondersoek, dan kan hy by proklamasie in die *Staatskoerant* die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot daardie kommissie van toepassing verklaar.

Toepassing van hierdie Wet met betrekking tot kommissies deur die Goewerneur-generaal aangestel.

2. 'n Kommissie kan op enige plek in die Unie of in die mandaatgebied Suidwes-Afrika sitting hou om getuienis of toesprake aan te hoor of te beraadslaag.

Kommissie se sittings.

3. (1) Ten einde een of ander feit te wete te kom met betrekking tot die onderwerp van sy ondersoek, het 'n kommissie in die Unie die bevoegdhede wat 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika in sy provinsie het, en in die mandaatgebied Suidwes-Afrika die bevoegdhede wat die Hoë Hof van daardie gebied het, om getuies te dagvaar, om aan hulle die eed op te lê of van hulle 'n bevestiging af te neem, hulle te ondervra en om die oorlegging van boeke, dokumente en voorwerpe op te eis.

Kommissie se bevoegdhede met betrekking tot getuies.

(2) 'n Dagvaarding aan iemand om voor 'n kommissie as getuie te verskyn of 'n boek, dokument of onderwerp oor te lê, word deur die sekretaris van die kommissie geteken en uitgevaardig in 'n vorm wat die voorsitter van die kommissie voorgeskryf het, en word op dieselfde wyse gedien as 'n dagvaarding van 'n getuie om op 'n strafgeding in 'n hoër hof te verskyn op die plek waar die verskyning of oorlegging moet geskied.

(3) Indien die voorsitter van 'n kommissie dit vereis moet 'n getuie, voordat hy getuienis aflê, 'n eed aflê, of 'n bevestiging maak, en die eed word opgelê en die bevestiging afgeneem deur die voorsitter van die kommissie of sodanige beampte van die kommissie as wat die voorsitter mag aanwys.

(4) Iemand wat gedagvaar is om 'n sitting van 'n kommissie as getuie by te woon of wat voor 'n kommissie getuienis afgelê het, is geregtig op dieselfde getuieloon uit staatsgelde asof hy gedagvaar was om 'n strafgeding in 'n hoër hof gehou op die plek van bedoelde sitting by te woon of daarby getuienis afgelê het, en in verband met die aflegging van getuienis of die oorlegging van 'n boek of dokument voor 'n kommissie, is die regsbepalings omtrent privilegie, soos toepaslik op 'n getuie wat in so 'n hof getuienis aflê of gedagvaar is om daarin 'n boek of dokument oor te lê, van toepassing.

4. Alle getuienis en toesprake, deur 'n kommissie aangehoor, word in die openbaar aangehoor: Met dien verstande dat die voorsitter van die kommissie volgens goeë dunske, van die plek waar daardie getuienis afgelê of daardie toespraak gehou sal word, een of ander kategorie persone of alle persone wie se teenwoordigheid by die aanhoor van die getuienis of toespraak volgens sy oordeel nie nodig of wenslik is nie, kan uitsluit.

Sittings is openbaar.

5. Enigeen wat die verrigtinge van 'n kommissie opsetlik steur of 'n kommissie by die verrigting van sy werksaamhede opsetlik hinder of dwarsboom, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond of met gevangenisstraf van hoogstens ses maande of met beide daardie boete en gevangenisstraf.

Hindering of dwarsboming van 'n kommissie.

6. (1) Iemand wat gedagvaar is om voor 'n kommissie te verskyn en getuienis af te lê of 'n boek, dokument of onderwerp oor te lê en wat sonder voldoende rede (waarvan die bewyslas op hom rus) in gebreke bly om op die tyd en plek in die dagvaarding aangegee, te verskyn, of om aanwesig te bly totdat die ondersoek voltooi is of totdat die voorsitter van die kommissie hom verlos gegee het om weg te bly, of wat na verskyning

Misdrywe deur getuies.

refuses to be sworn or to make affirmation as a witness after he has been required by the chairman of the commission to do so or, having been sworn or having made affirmation, fails to answer fully and satisfactorily any question lawfully put to him, or fails to produce any book, document or object in his possession or custody or under his control, which he has been summoned to produce, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment.

(2) Any person who after having been sworn or having made affirmation, gives false evidence before a commission on any matter, knowing such evidence to be false or not knowing or believing it to be true, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds or to imprisonment for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

Short title.

7. This Act shall be called the Commissions Act, 1947.

No. 11, 1947.]

## ACT

### To amend the Children's Act, 1937.

(English Text signed by the Governor-General.)  
(Assented to 8th April, 1947.)

**BE IT ENACTED** by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 84 of Act 31 of 1937, as amended by section 19 of Act 41 of 1942, and section 22 of Act 25 of 1944.

1. Section *eighty-four* of the Children's Act, 1937, is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of sub-section (1) of the following paragraph:

“(b) towards the maintenance in any institution of any child sent thereto or placed therein under this Act or the Criminal Procedure and Evidence Act, 1917 (Act No. 31 of 1917);”.

Short title.

2. This Act shall be called the Children's (Amendment) Act, 1947, and shall be deemed to have come into operation on the twenty-eighth day of March, 1940.

No. 12, 1947.]

## ACT

### To amend the laws relating to the framing of jury lists.

(Afrikaans Text signed by the Governor-General.)  
(Assented to 8th April, 1947.)

**BE IT ENACTED** by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa as follows:—

Amendment of section 172 of Act 31 of 1917 as amended by section 28 of Act 46 of 1935.

1. Section *one hundred and seventy-two* of the Criminal Procedure and Evidence Act, 1917, is hereby amended by the substitution for the words “January in the year 1936” of the words “July in the year 1947”.

Repeal of Act 15 of 1943.

2. The Jury Lists Suspension Act, 1943 is hereby repealed.

Short title.

3. This Act shall be called the Jury Lists Amendment Act, 1947.

weier om as getuie die eed af te lê of 'n bevestiging te maak nadat die voorsitter van die kommissie dit van hom vereis het of wat, na eedaflegging of bevestiging, weier om elke wettiglik aan hom gestelde vraag ten volle en op bevredigende wyse te beantwoord, of wat in gebreke bly om 'n boek, dokument of onderwerp oor te lê wat in sy besit of bewaring of onder sy beheer is en tot oorlegging waarvan hy gedagvaar is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond of met gevangenisstraf van hoogstens ses maande of met beide daardie boete en gevangenisstraf.

(2) Iemand wat, nadat hy die eed afgelê of 'n bevestiging gemaak het, omtrent enige onderwerp valse getuienis voor 'n kommissie aflê met wete dat daardie getuienis vals is, of terwyl hy nie weet of glo dat dit juis is nie, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond of met gevangenisstraf van hoogstens twaalf maande of met beide daardie boete en gevangenisstraf.

7. Hierdie Wet heet die Kommissiewet, 1947.

Kort titel.

No. 11, 1947.]

## WET

### Tot wysiging van die Kinderwet, 1937.

(Engelse Tekst deur die Goewerneur-generaal geteken.)  
(Goedgekeur op 8 April 1947.)

**DIT WORD BEPAAL** deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Artikel vier-en-tagtig van die Kinderwet, 1937, word hierby gewysig deur paragraaf (b) van sub-artikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(b) bydra tot die onderhoud in 'n inrigting van 'n kind wat ingevolge hierdie Wet of die „Wet op de Kriminele Procedure en Bewijslevering, 1917” (Wet No. 31 van 1917) daarna verwys of daarin geplaas is;”

Wysiging van artikel 84 van Wet 31 van 1937, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 41 van 1942 en artikel 22 van Wet 25 van 1944.

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Kinders, 1947, en word geag op die agt-en-twintigste dag van Maart 1940 in werking te getree het.

Kort titel.

No. 12, 1947.]

## WET

### Tot wysiging van die wette betreffende die opstelling van jurielyste.

(Afrikaanse Tekst deur die Goewerneur-generaal geteken.)  
(Goedgekeur op 8 April 1947.)

**DIT WORD BEPAAL** deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika as volg:—

1. Artikel honderd twee-en-sewentig van die „Wet op de Kriminele Procedure en Bewijslevering, 1917” word hierby gewysig deur die woorde „Januarie in het jaar 1936” te vervang deur die woorde „Julie in het jaar 1947”.

Wysiging van artikel 172 van Wet 31 van 1917 soos gewysig by artikel 28 van Wet 46 van 1935.

2. Die Wet tot Opskorting van Jurielyste, 1943 word hierby herroep.

Herroeping van Wet 15 van 1943.

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Jurielyste, 1947.

Kort titel.

No. 13, 1947.]

# ACT

**To apply a further sum of money for the purpose of meeting certain unauthorized expenditure incurred on railways and harbours services during the financial year which ended the thirty-first day of March, 1946.**

*(English Text signed by the Governor-General.)  
(Assented to 14th April, 1947.)*

**BE IT ENACTED** by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows :—

Railway and Harbour Fund charged with £1,033,682 17s. 7d. in respect of expenditure of year 1945-46.

1. The Railway and Harbour Fund is hereby charged with the sum of one million and thirty-three thousand six hundred and eighty-two pounds seventeen shillings and seven pence to meet certain expenditure not authorized by the Railways and Harbours Appropriation Act, 1945, and the Railways and Harbours Additional Appropriation Act, 1946, for the services of the railways and harbours during the financial year which ended the thirty-first day of March, 1946. Such expenditure is set forth in the First Schedule to this Act and is more particularly specified on pages 4 to 6 of the Report (which has been submitted to Parliament) of the Controller and Auditor-General on the accounts for that year and in the First Report of the Select Committee on Railways and Harbours, 1947.

Sources from which moneys appropriated will be provided.

2. The moneys appropriated by this Act for capital and betterment services shall be provided from the sources set out in the Second Schedule hereto.

Short title.

3. This Act shall be known as the Railways and Harbours Unauthorized Expenditure Act, 1947.

## First Schedule.

Service.	Amount.		
	£	s.	d.
Revenue Services .. .. .	975,825	4	6
Capital and Betterment Services .. .. .	57,857	13	1
	£1,033,682	17	7

## Second Schedule.

Sources from which funds for capital and betterment services will be provided :—

	£	s.	d.
1. Loan Funds .. .. .	7,522	7	5
2. Betterment Fund .. .. .	50,335	5	8
	£57,857	13	1

No. 13, 1947.]

**WET**

**Tot aanwending van 'n verdere geldsom ter bestryding van sekere ongeoutoriseerde uitgawe op spoorweg- en hawedienste gedurende die diensjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1946 geëindig het.**

(Engelse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)  
(Goedgekeur op 14 April 1947.)

**DIT WORD BEPAAL** deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Die Spoorweg- en Hawefonds word hiermee belas met die som van eenmiljoen drie-en-dertigduisend seshonderd twee-en-tagtig pond sewentien sjielings en sewe pennies, tot dekking van sekere uitgawe vir die dienste van die spoorweë en hawens gedurende die diensjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1946 geëindig het, waartoe die Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1945 en die Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1946, geen magtiging verleen het nie. Hierdie uitgawe word in die Eerste Bylae by hierdie Wet uiteengesit en nader omskryf op bladsye 4 tot 6 van die Verslag (voorgelê aan die Parlement) van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die rekenings vir daardie jaar en in die Eerste Verslag van die Gekose Komitee oor Spoorweë en Hawens, 1947.

Spoorweg- en  
Hawefonds belas  
met  
£1,033,682 17s. 7d.  
ten opsigte van  
uitgawe vir die  
jaar 1945-46.

2. Die gelde wat deur hierdie Wet vir kapitaal- en verbeteringsdienste beskikbaar gestel word, moet uit die in die Tweede Bylae by hierdie Wet vermelde bronne, verskaf word.

Bronne waaruit  
beskikbaar-  
gestelde gelde  
verskaf sal word.

3. Hierdie Wet heet die Wet op Ongeoutoriseerde Uitgawe vir Spoorweë en Hawens, 1947.

Kort titel.

**Eerste Bylae.**

Diens.	Bedrag.	
	£	s. d.
Inkomstedienste .. .. .	975,825	4 6
Kapitaal- en verbeteringsdienste .. .. .	57,857	13 1
	£1,033,682	17 7

**Tweede Bylae.**

Bronne waaruit fondse vir kapitaal- en verbeteringsdienste verskaf sal word:—

	£	s. d.
1. Leningsfondse .. .. .	7,522	7 5
2. Verbeteringsfondse .. .. .	50,335	5 8
	£57,857	13 1

No. 14, 1947.]

# ACT

**To apply a further sum of money towards the service of the Union for the year ended on the thirty-first day of March, 1946, for the purpose of meeting and covering certain unauthorized expenditure.**

*(Afrikaans Text signed by the Governor-General.)  
(Assented to 14th April, 1947.)*

**BE IT ENACTED** by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Exchequer Account charged with £140,689 3s. 10d.

1. The Exchequer Account of the Union is hereby charged with the sum of one hundred and forty thousand six hundred and eighty-nine pounds, three shillings and ten pence, to meet certain expenditure over and above the amounts appropriated for the service of the Union for the year which ended on the thirty-first day of March, 1946. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Act and is more particularly specified on pages 4, 5 and 6 of the Report (which has been submitted to Parliament) of the Controller and Auditor-General on the accounts of the said year and in the First Report of the Select Committee on Public Accounts, 1947.

Short title.

2. This Act shall be known as the Unauthorized Expenditure (1945-'46) Act, 1947.

## Schedule.

No. of Vote.	Title of Vote.	Amount.
<i>(On Revenue Account.)</i>		
17	Union Education .. .. .	£ 2,940 11 9
19	Native Education .. .. .	563 13 7
26	Public Health .. .. .	695 19 3
36	Justice .. .. .	84,150 0 0
40	Police .. .. .	45,604 13 5
42	Commerce and Industries .. .. .	3,000 0 0
		£136,954 18 0
<i>(On Loan Account.)</i>		
D.	Lands and Settlements .. .. .	3,734 5 10
Total .. .. .		£140,689 3 10

No. 15, 1947.]

# ACT

**To amend the Higher Education Act, 1923.**

*(English Text signed by the Governor-General.)  
(Assented to 14th April, 1947.)*

**BE IT ENACTED** by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 6 of Act 30 of 1923.

1. Section six of the Higher Education Act, 1923, is hereby amended by the insertion in sub-section (1) after the words "ten or" of the words "except with the approval of the Minister, of not".

Short title.

2. This Act shall be called the Higher Education Amendment Act, 1947.



No. 14, 1947.]

**WET**

**Tot aanwending van 'n verdere som vir die diens van die Unie vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1946 geëindig het, tot bestryding en dekking van sekere ongeoutoriseerde uitgawes.**

(Afrikaanse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)  
(Goedgekeur op 14 April 1947.)

**DIT WORD BEPAAL** deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Die Skatkisrekening van die Unie word hiermee belas met die som van eenhonderd-en-veertigduisend seshonderd nege-en-tagtig pond, drie sjielings en tien pennies tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrae beskikbaar gestel vir die diens van die Unie vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1946 geëindig het. Hierdie uitgawes word uiteengesit in die Bylae tot hierdie Wet en word nader omskryf op bladsye 4, 5 en 6 van die (aan die Parlement voorgelegde) Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die rekenings vir voormelde jaar en in die Eerste Verslag van die Gekose Komitee oor Openbare Rekenings, 1947.

Skatkisrekening  
belas met  
£140,689 3s. 10d.

2. Hierdie Wet heet die Wet op Ongeoutoriseerde (1945-'46) Kort titel. Uitgawes, 1947.

**Bylae.**

No. van Begrotingspos.	Titel van Begrotingspos.	Bedrag.
(Op Inkomsterekening.)		
17	Unie-onderwys .. .. .	£ 2,940 11 9
19	Naturelle-onderwys .. .. .	563 13 7
28	Volksgesondheid .. .. .	695 19 3
36	Justisie .. .. .	84,150 0 0
40	Polisie .. .. .	45,604 13 5
42	Handel en Nywerheid .. .. .	3,000 0 0
		£136,954 18 0
(Op Leningsrekening.)		
D.	Lande en Nedersettings .. .. .	3,734 5 10
	Totaal .. .. .	£140,689 3 10

No. 15, 1947.]

**WET**

**Tot wysiging van die „Hoger Onderwijs Wet, 1923”.**

(Engelse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)  
(Goedgekeur op 14 April 1947.)

**DIT WORD BEPAAL** deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Artikel ses van die „Hoger Onderwijs Wet, 1923”, word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) na die woorde „tien of die woorde „behalwe met de goedkeuring van de Minister, uit niet”, in te voeg.

Wysiging van  
artikel 6 van Wet  
30 van 1923.

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Hoër Onderwys, Kort titel. 1947.

No. 16, 1947.]

# ACT

## To amend the Silicosis Act, 1946.

(*Afrikaans Text signed by the Governor-General.*)  
(*Assented to 14th April, 1947.*)

**B**E IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows :—

Amendment of  
section 3 of  
Act 47 of 1946.

1. Section *three* of the Silicosis Act, 1946, is hereby amended by the addition at the end of sub-section (2), of the following proviso :

“ Provided that, during the period the Deputy Chairman mentioned in sub-section (5) of section *six* is an additional full-time member of the Board, the Minister may re-appoint as an additional full-time member of the Board any person who became such a member by virtue of sub-section (2) of section *six* and whose period of tenure of office has expired, notwithstanding the fact that as a result of such re-appointment there will be more than two additional full-time members of the Board.”

Short title.

2. This Act shall be called the Silicosis Amendment Act 1947, and shall be deemed to have come into operation on the first day of August, 1946.

No. 16, 1947.]

# WET

## Tot wysiging van die Silikosewet, 1946.

(Afrikaanse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)  
(Goedgekeur op 14 April 1947.)

**DIT WORD BEPAAL** deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg :—

1. Artikel *drie* van die Silikosewet, 1946, word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling aan die end van sub-artikel (2) by te voeg : **Wysiging van artikel 3 van Wet 47 van 1946.**

„Met dien verstande dat die Minister, gedurende die tydperk wat die Assistent-Voorsitter in sub-artikel (5) van artikel *ses* bedoel 'n addisionele voltydse lid van die Raad is, enige persoon wat 'n addisionele voltydse lid van die Raad geword het uit hoofde van sub-artikel (2) van artikel *ses* en wie se ampsduur verstryk het, weer as so 'n lid kan aanstel, nieteenstaande die feit dat daar as gevolg van so 'n heraanstelling meer as twee addisionele voltydse lede van die Raad sal wees.”

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Silikose, 1947, en Kort titel. word geag op die eerste dag van Augustus 1946 in werking te getree het.